Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Rudolf Oosthuizen**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Rudolf.Oosthuizen@westerncape.gov.za | 021 467 2480

Lêerno.: 3/1/3/1
Verwysing: 20250818-5974

Omsendbrief: 0021/2025
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare en spesiale skole en Lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Voorsiening van 2026 se opvoederdiensstate vir gewone openbare en spesiale skole*.

**Onderwerp: Voorsiening van 2026 se opvoederdiensstate vir gewone openbare en spesiale skole**

1. Opvoederdiensstate word uitgereik ingevolge Hoofstuk 2 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), asook Hoofstuk A en Bylae A.1 van die Personeeladministrasiemaatreëls (PAM), soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022.

2. **Opvoederdiensstate vir 2026**

2.1 Ingevolge die maatreëls wat in Bylae A.1 van die PAM vervat is, moet gewone openbare en spesiale skole teen 30 September van die voorafgaande jaar van hul jaarlikse opvoederdiensstate voorsien word. Dus, vir 2025 se akademiese jaar sal alle opvoederdiensstate wat aan gewone openbare skole en spesiale skole uitgereik is (asook alle addisionele poste wat in 2025 as gevolg van 'n toename in leerdergetalle of die kurrikulumbehoeftes van die skool vir 'n openbare skool geskep of aan 'n openbare skool beskikbaar gestel is), op 31 Desember 2025 verval.

2.2 Die opvoederdiensstate vir 2026 sal om 12:00 op 29 Augustus 2025 op SOBIS onder die skakel *Administration (Establishments)* gepubliseer word.

3. **Samesprekings oor 2026 se bekostigbare mandjie poste**

3.1 Tydens samesprekings tussen die Provinsiale Minister van Onderwys, onderwysvakbonde en beheerliggaamverenigings, wat op 23 Julie 2025 plaasgevind het, is die impak van die kostebekampingsmaatreëls en voortdurende druk op die begroting vir die vergoeding van werknemers (*Compensation of Employees (CoE)*) van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir die Mediumtermyn-bestedingsraamwerke (MTBR) vir 2025/26, 2026/27 en 2027/28 voorgelê.

3.2 Die Hoof van Onderwys het op 06 Augustus 2025 die samesprekings met onderwysvakbonde en beheerliggaamverenigings oor die aanwending en verspreiding van die mandjie poste vir 2026 afgesluit.

3.3 Voortspruitend uit die voorgenoemde samesprekings, het die WKOD onderwysvakbonde en beheerliggaamverenigings in kennis gestel dat die bekostigbare mandjie poste wat vir 2025 toegewys is, onveranderd behou word vir 2026 se akademiese jaar.

4. **Posstruktuur**

Die posstruktuur en -beskrywings wat in die Personeeladministrasiemaatreëls (PAM) vervat is, soos deur die Minister van Basiese Onderwys gepromulgeer en in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 gepubliseer, is van toepassing op op opvoederdiensstate.

5. **Gradering van skole**

Skole word in ooreenstemming met paragraaf A.3 van die PAM gegradeer.

6. **Hersiening van 2026 se opvoederdiensstate**

Waar 'n skool 'n graad of grade uitfaseer, sal die betrokke skool se opvoederdiensstaat hersien word op grond van die getal leerders wat in die skool oorbly. Indien leerders tydens die uitfasering van 'n graad of grade 'n skool verlaat, sal die opvoederdiensstaat/-diensstate van die ontvangende skool/skole hersien word.

7. **Herberekening van die opvoederdiensstaat weens 'n verandering in leerderinskrywings in 2026**

7.1 Die WKOD behou die reg voor om posvlak 1-poste af te skaf indien daar in die loop van 2026 se akademiese jaar 'n afname in die skool se leerdergetalle is.

7.2 Alle skole word versoek om hul leerdergetalle teen Dinsdag, 03 Maart 2026 op SOBIS by te werk. Die opvoederdiensstate van al daardie skole waarvan die leerdergetalle minder is as die leerderinskrywings wat op hul opvoederdiensstaatbriewe aangedui word, sal teen 20 Maart 2026 herbereken word. Indien 'n skool 'n pos of poste gaan verloor, sal die getal kontrakaanstellings wat gelyk is aan óf minder is as die getal poste wat die skool verloor, vanaf 01 April 2026 dienooreenkomstig hersien word.

8. **Vul van geadverteerde vakante/befondste permanente poste (soos op 2026 se opvoederdiensstaat weerspieël)**

8.1 Alle poste wat reeds in 'n WKOD-vakaturelys geadverteer is, mag permanent gevul word, mits daardie poste op die opvoederdiensstaat vir 2026 verskyn.

8.2 Indien 'n geadverteerde pos nie op die opvoederdiensstaat vir 2026 verskyn nie, is die skool nie op daardie pos geregtig nie en sal sodanige pos as foutiewelik geadverteer beskou word.

8.3 Die bepaling dat 'n geadverteerde pos (posvlakke 1-3) slegs gevul mag word indien **geen opvoeder** ingevolge die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) se Kollektiewe Ooreenkoms No. 4 van 2016, gedateer 23 Augustus 2026, **as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is nie**, bly van krag.

8.4 Slegs paslik en professioneel gekwalifiseerde opvoeders met 'n Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde 13 of hoër kwalifikasie mag vir vakante/befondste permanente opvoedersposte oorweeg word. Die aanstelling van ander opvoeders in die kategorieë wat in paragraaf 8.7 hieronder gelys word, sal slegs oorweeg word indien geen gekwalifiseerde opvoeders geïdentifiseer kan word nie, op voorwaarde dat die opvoeders volledig by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) geregistreer is.

8.5 Goedkeuring vir die vul van opvoedersposte sal in die volgende voorkeurvolgorde geskied:
(a Botallige opvoeders
(b) Opvoeders wat nuwe toetreders tot die onderwys is ('n Nuwe toetreder tot die onderwys word gedefinieer as 'n finalejaarstudent en/of enige paslik gekwalifiseerde opvoeder wat in die afgelope drie jaar gegradueer het en nog nooit in diens van die staat was nie.)
(c) Ander toepaslik gekwalifiseerde opvoeders.

8.6 Tydelike aanstellings in 'n vakante/befondste permanente opvoederspos (d.w.s. adjunk-prinsipaal, departementele hoof en posvlak 1-poste) op 'n vastetermynkontrak kan gemaak word, wat opvoeders insluit wat in hoër poste waarneem totdat die geadverteerde pos gevul word. Kringbestuurders moet toesien dat alle opvoeders wat as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is en wat aan die profiel van die geadverteerde pos (gekwalifiseer vir die vak en fase) voldoen, oorweeg is en aanbiedinge vir passing en plasing ontvang het alvorens 'n benoeming vir 'n tydelike aanstelling ondersteun kan word.

8.7 Aansoeke om tydelike opvoeders in vakante/befondste permanente poste in die volgende kategorieë aan te stel, sal slegs oorweeg word indien geen nuwe toetreder aangestel kan word nie, en sodanige goedkeuring moet minstens twee weke voor diensaanvaarding van die Direkteur: Werwing en Keuring verkry word:

(a) Opvoeders wat die staatsdiens om die volgende redes verlaat het:
   (i) aftrede
   (ii) bedanking
   (iii) swak gesondheid (nadat aansoekers bewyse verskaf het dat hulle mag terugkeer werk toe)

(b) Buitelandse opvoeders **(slegs ten opsigte van kritieke vaardighede, soos deur die Departement van Binnelandse Sake bepaal, en waarvoor 'n werkpermit verkry is)**.

(c) Alle tydelike opvoeders moet:
   (i) paslik en professioneel gekwalifiseer wees
   (ii) volledig by SARO geregistreer wees.

8.8 Neem asseblief kennis dat opvoeders wat weens seksuele wangedrag uit die staatsdiens ontslaan is of as ontslaan beskou word onder geen omstandighede toegelaat mag word om na enige pos by die WKOD terug te keer nie. Om verwysing te vergemaklik word u aandag gevestig op Omsendbrief 0035/2021, gedateer 23 Junie 2021. Neem asseblief kennis dat dit elke prinsipaal en beheerliggaam se verantwoordelikheid is om toe te sien dat 'n daadwerklike poging aangewend word om te verseker dat daar aan die voorgenoemde voldoen word deur alle opvoeders met wie onderhoude gevoer word, te versoek om aan te dui of hulle ooit weens seksuele wangedrag ontslaan is of as ontslaan beskou is voordat 'n besluit gemaak word oor die aanbieding of sluiting van enige kontrakte.

## 9. Omskakelings

9.1 Die volgende bly van krag:

(a) RAVO se Kollektiewe Ooreenkoms No. 2 van 2024, gedateer 11 Junie 2024, oor tydelike opvoeders se aanstelling en omskakeling in permanente poste op die opvoederdiensstaat.

(b) WKOD Omsendbrief 0005/2019, gedateer 05 Januarie 2019, oor die permanente aanstelling van pas gekwalifiseerde opvoeders ingevolge artikel 6(*a*) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).

(c) WKOD Omsendbrief 0020/2020, gedateer 23 Julie 2020, oor die omskakeling van die aanstelling van posvlak 1-opvoeders van tydelik na permanent, ingevolge artikel 6(*b*) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).

9.2 Slegs paslik en professioneel gekwalifiseerde opvoeders, wat by SARO geregistreer is, mag vir omskakeling van tydelike in permanente aanstelling in vakante/befondste poste oorweeg word in gevalle waar geen opvoeder ingevolge RAVO se Kollektiewe Ooreenkoms No. 4 van 2016, gedateer 23 Augustus 2016, as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is nie.

10. **Oorplasings**

Distrikte mag oorplasings na skole aanbeveel in gevalle waar die alternatiewe plasing die proses van herontplooiing sal bevorder, d.w.s., waar die oorplasing/plasing tot die herontplooiing van ’n opvoeder, wat as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is, in ’n vakante/befondste pos sal lei. Goedkeuring van die oorplasingsaansoek is aan die Direktoraat: Werwing en Keuring gedelegeer. Die oorplasing mag slegs gedoen word nadat goedkeuring verleen is.

11. **Plaasvervanger-opvoeders**

11.1 Ten einde die druk op die begroting vir die vergoeding van opvoeders vir die 2025/26-, 2026/27- en 2027/28-boekjare te verlig, sal die WKOD voortgaan om die onderstaande maatreëls met ingang van 01 Januarie 2026 ten opsigte van plaasvervanger-opvoeders toe te pas.

11.2 Daar sal slegs in die volgende gevalle vir plaasvervanger-opvoeders voorsiening gemaak word:

(a) Aansoeke om kraamverlof
(b) Werknemers wat met langtermyn-ongeskiktheidsverlof (30 dae en langer) is
(c) Opvoeders wat as voorsorgmaatreël of as strafmaatreël geskors is
(d) Opvoeders wie se aansoek om onbetaalde verlof vir 30 dae en langer goedgekeur is.

12. **Bestuur van opvoeders wat as addisioneel tot ’n skool se opvoederdiensstaat vir 2026 verklaar is**

12.1 Die bepalings van RAVO se Kollektiewe Ooreenkoms No. 4 van 2016, gedateer 23 Augustus 2016, bly van krag en is van toepassing op 2026 se akademiese jaar. Hierdie Kollektiewe Ooreenkoms verskaf die riglyne vir die proses om permanent aangestelde opvoeders as addisioneel tot ’n skool se opvoederdiensstaat te verklaar.

12.2 Die volgende tydraamwerke sal geld ten opsigte van die identifisering van opvoeders wat as addisioneel tot die opvoederdienststaat verklaar is, asook passing en plasing vir 2026 se akademiese jaar:

| Intervensie-aktiwiteite | Tydraamwerk |
|---|---|
| Kringbestuurders, in samewerking met prinsipale, identifiseer alle opvoeders wat nie in die opvoederdiensstate vir 2026 geabsorbeer kan word nie en wat formeel as addisioneel tot ’n skool se opvoederdiensstaat verklaar is. | 01 September 2025 tot 30 September 2025 |

| | |
|---|---|
| Profiele van geïdentifiseerde opvoeders wat as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is, moet deur die opvoeders wat daardeur geraak word, by prinsipale ingedien word. Hierdie profiele moet dan by kringbestuurders ingedien word. | 30 September 2025 |
| Distrikte identifiseer geskikte vakanste/befondste poste vir opvoeders wat as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is vir plasing in 2026 en raadpleeg prinsipale/beheerliggame oor die plasing van sodanige opvoeders. | 28 November 2025 |
| Opvoeders wat nie in vakante/befondste poste vir 2026 se akademiese jaar gepas en geplaas kan word nie, moet amptelik as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar word en 'n brief in hierdie verband moet deur die kringbestuurder aan hulle uitgereik word. | 28 November 2025 |
| Kringbestuurders moet formele plasingsbriewe uitreik aan opvoeders wat vir 2026 se akademiese jaar paslik in vakante/befondste poste geplaas is. | 28 November 2025 |

12.3 Opvoeders wat reeds op grond van vorige opvoederdiensstate en in ooreenstemming met vorige prosesse as addisioneel tot 'n skool se opvoederdiensstaat verklaar is, en wat steeds addisioneel tot die opvoederdiensstaat is, behou hierdie status. Hierdie opvoeders sal ingevolge die bepalings van RAVO se Kollektiewe Ooreenkoms No. 4 van 2016, gedateer 23 Augustus 2016, hanteer word (afskrif aangeheg).

12.4 In gevalle waar 'n redelike en billike aanbod vir passing en plasing nie aanvaar word nie, moet 'n opvoeder as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar word en redes moet verskaf word waarom die aanbod vir passing en plasing nie as redelik en billik beskou word nie. Die distriksdirekteur sal alle feite oorweeg voordat 'n finale besluit oor die passing en plasing van 'n opvoeder gemaak word. 'n Formele brief wat die distriksdirekteur se besluit uiteensit, sal deur die distriksdirekteur onderteken word en uitgereik word. Hierdie besluit is finaal.

12.5 Let daarop dat wanneer opvoeders as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar word, dit gebaseer is op die getal opvoeders per posvlak, en nie op die totale getal opvoedersposte wat vir 'n akademiese jaar aan 'n skool toegewys is nie.

Voorbeeld: Twaalf (12) poste is aan 'n skool toegewys, wat saamgestel is uit een prinsipaalspos, twee poste vir departementele hoofde en nege posvlak 1-poste. Die skool het 10 permanente posvlak 1-opvoeders in diens en een van die poste vir 'n departementele hoof is vakant. Die 10de posvlak 1-opvoeder (verwys asseblief na die prosedures wat gevolg moet word soos uiteengesit in afdeling B6.4 van RAVO se Kollektiewe Ooreenkoms No. 4 van 2016, gedateer 23 Augustus 2016) moet as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar word en <u>kan nie teen die vakante pos vir 'n departementele hoof gedra word</u> om te voorkom dat die opvoeder as addisioneel tot die

opvoederdiensstaat verklaar word nie. Die bepalings wat in paragraaf 12.2 uiteengesit word, is van toepassing op die opvoeder wat as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar word.

12.6 Daar sal voortgegaan word met pogings om opvoeders wat as addisioneel tot 'n skool se opvoederdiensstaat vir 2026 verklaar is, gedurende die 2026-akademiese jaar te plaas in gevalle waar permanente opvoeders die diens van die WKOD verlaat. Die profiele van opvoeders wat as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is, moet aan die kurrikulumvereistes van die vakante/befondste opvoedersposte voldoen.

12.7 Die hervestigingskoste van opvoeders wat as addisioneel tot die opvoederdiensstaat verklaar is en wat na 'n ander skool oorgeplaas word, sal oorweeg word ooreenkomstig die bepalings soos vervat in Omsendbrief 0023/2017, gedateer 14 Julie 2017.

13. Alle navrae aangaande hierdie omsendbrief en die tersaaklike wetgewing moet aan kringbestuurders gerig word.

14. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders en lede van beheerliggame.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-08-22